



Wat gebeur as jy doodgaan?



Dit is 'n vraag wat al in ons almal se gedagtes opgekom het, want die dood gebeur met almal, maak nie saak wat hul ouderdom, ras, geslag, godsdiens of status is nie.



As jy vir mense vra wat hulle dink gebeur wanneer ons doodgaan, sal jy 'n redelike mate van verwarring daaroor kry.



Die meeste mense kry hul siening van die hiernamaals uit Hollywood.



Moenie lag nie!



Baie mense baseer hul oortuigings op die televisie en fliëks.



So, wat sê die Bybel?



Die Bybel beskryf drie verskillende sterftes...

1 Geestelike dood,

2 Fisiese dood, &

3 Ewige dood.

#1 Geestelike dood...

➡ Geestelike dood kan gedefinieer word as die mens wat van God geskei is.

➡ Dit is die geestelike toestand waarin die hele mensdom gebore word.



Hoekom?



Toe Adam gekies het om ongehoorsaam aan God te wees ([Genesis 3](#))...



Het sy natuur/aard sondig geword &



Het hy geestelik doodgegaan.



Nadat Adam gesondig het...



Het hy nie meer ongehinderde toegang tot God gehad soos wat hy gehad het voordat hy gesondig het nie, omdat God 'n volmaakte en heilige God is, wat die sonde nie kan uitstaan, verdra, of selfs net aanskou nie.



Adam se sonde het nie net 'n invloed op homself gehad nie...



Dit het ook sy hele nageslag beïnvloed & geaffekteer.



Die mensdom word dus geestelik dood gebore.

 **Romeine 5:12** sê...

“Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het”

 **Romeine 3:23** sê...

“want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God”

 **Efesiërs 2:1** sê...

“En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes”

 **Spreek 20:9** sê...

“Wie kan sê: Ek het my hart suiwer gehou, ek is rein van my sonde?”



Ons moet ook daarop let dat...



God nie wil hê dat die mens van Hom geskei moet wees nie.



2 Petrus 3:9 sê...

“Die Here verlaag nie die belofte soos sommige dit verag ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.”



God is 'n barmhartige, liefdevolle en genadige God.



Omdat God ons liefhet, het Hy in **Genesis 3:15** vir Adam en Eva gesê dat Hy eendag 'n Verlosser sou stuur wat die straf vir die sonde sou betaal, en dit vir die mens moontlik sou maak om weer ongehinderde toegang en gemeenskap met Hom te hê.



Die hoop van die toekomstige Verlosser is waarop Adam & Eva, en die ander heiliges van Ou Testament hul geloof gevestig het om hulle te red.



Byvoorbeeld, in **Genesis 15:6** en **Romeine 4:3** vertel die Bybel ons dat omdat Abraham geloof in die Here gehad het, hierdie geloof aan hom tot geregtigheid gereken is.



Genesis 15:6...

“En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.”



Romeine 4:3...

“Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.”

 **Ja!** In **Genesis 3:21** vertel die Bybel ons dat God ook klere gemaak het uit die vel van diere om Adam & Eva se naaktheid te bedek en om as 'n herinnering te dien dat God belowe het om 'n Verlosser vir ons te stuur.

 **Ja!** Hierdie klere van dierevel dien ook as 'n voorbeeld van hoe Christus eendag sou kom om vir die sondes van die mensdom te sterf en ons in sy heilige geregtigheid te klee sodat ons weer aanvaarbaar gemaak kon word om in God se teenwoordigheid te wees.

 **Ja!** Ons sien in **Genesis 4** dat God ook vir Kain & Abel opdrag gegee het om 'n bloedoffer aan die Here te bring. Hierdie bloedoffer het gewys dat sonde gestraf moes word en dat God eendag 'n plaasvervanger sou stuur om in ons plek vir ons sondes te betaal en ons vir eens en vir altyd te verlos van die houvas van die sondes van die hele mensdom.

 Die apostel Paulus vertel ons in **Filippense 2:6-8** en **Romeine 6:23** dat God sy belofte nagekom het en Hy sy Seun, Jesus Christus, gestuur het om gewillig te kom en die straf vir die sonde van die hele mensdom te betaal.

 Elkeen wat in die geloof glo dat Christus in hulle plek gesterf het vir hul sondes, en hul geloof in Jesus Christus vestig om hulle van hul sondes te red, kan en sal gered word van die geestelike dood (**Johannes 3:15-18**) en die ewige dood.

Filippense 2:6-8...

"Hy, ⁶ wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, ⁷ maar het Homself onttedig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; ⁸ en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."

Romeine 6:23...

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."

#2 Fisiese dood...

-  Adam se eerste sonde het ook fisiese of liggaamlike dood vir die hele mensdom gebring.
-  Voordat Adam gesondig het...
 -  Het God die menslike liggaam geskep om die vermoë te hê om vir ewig te lewe.
 -  Nou, met die sonde, gaan die liggaam stadig agteruit totdat die liggaam se metaboliese prosesse uiteindelik oorweldig word en die liggaam terugkeer na stof waaruit dit oorspronklik gemaak is ([Genesis 2:7](#)).

 Dit is belangrik om te verstaan dat...

-  Fisiese dood nie 'n einde aan die mens se bestaan bring nie.
-  Dit bring bloot 'n einde aan die fisiese liggaam.
-  Fisiese dood is iets wat beide gelowiges en ongelowiges ondergaan.

-  Alhoewel Jesus die straf vir die sonde betaal het en gelowiges hul geloof in Christus alleen vir verlossing gevestig het, moet gelowiges nog steeds die fisiese dood ondergaan, want vandat die sonde die skepping binnegekom het, het die fisiese dood 'n deel van die menslike bestaan geword.

 Die Apostel Johannes vertel ons in [Openbaring 21](#) dat daar eendag, wanneer God die nuwe hemel en nuwe aarde skep, nie meer enige soort dood sal wees nie. Alhoewel die gelowige die fisiese dood moet ondergaan, kan hulle troos vind in die feit dat die fisiese dood hulle tot in die ongehinderde teenwoordigheid van God bring ([Filippense 1:20-23](#)).

3 Ewige dood...

-  Adam se sonde het ook die ewige dood na die mensdom gebring.
-  Die apostel Johannes noem die ewige dood...
 - ➡ Die tweede dood, in [Openbaring 20:11-15](#).

[Openbaring 20:11-15](#)...

“¹¹ En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.¹² En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens

hulle werke.¹³ En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.¹⁴ En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.¹⁵ En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."

 Hierdie ewige of tweede dood...

 Is 'n ewige skeiding van God in die poel van vuur waarvandaan daar geen ontsnapkans en geen verligting van die pyn & lyding wat daar ervaar sal word, is nie.

 Ongelowiges sal in die poel van vuur gegooi word...

➡ Nadat hulle voor Christus verskyn het by die groot wit troon van oordeel.

➡ By hierdie finale oordeel sal ongelowiges geoordeel word volgens hulle daade; as gevolg van hul ongelowigheid sal hul name nie in die boek van die lewe gekry word nie, en sal hulle vir ewig in die poel van vuur gegooi word.

(sien [Openbaring 21:8](#)).

 **Openbaring 21:8...**

"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."



Wat gebeur dan as ons doodgaan?

Wel, dit hang af...



Wanneer gelowiges doodgaan...



Gaan hul siel/gees dadelik na die Here in die hemel.



2 Korintiërs 5:6-8 sê...

"⁶ Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.⁷ Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.⁸ Maar ons het goeie moed en verkies om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon."



Hul fisiese liggame bly in die graf in 'n toestand van slaap.



By die wegraping sal die gelowiges se fisiese liggaam opgewek en verheerlik word, en dan met die siel/gees herenig word vir die ewigheid.



1 Korintiërs 15:50-54 sê ...

"⁵⁰ Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.⁵¹ Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,⁵² in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.⁵³ Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.⁵⁴ En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning."



1 Tessalonisense 4:13-17 sê...

"¹³ Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.¹⁴ Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.¹⁵ Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here,

die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.¹⁶ Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.¹⁷ Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

Wanneer ongelowiges sterf...

 Gaan hul siel/gees dadelik na 'n tydelike plek van aanhouding, waar hulle wag op hul finale opstanding en oordeel.

 **Openbaring 20:11-15** sê ...

"¹¹ En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.¹² En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.¹³ En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.¹⁴ En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.¹⁵ En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp." (Sien ook Lukas 16:22-23.)

 So sal al die ongelowiges wat dood is...

- ➡ Opgewek word,
- ➡ By die groot wit troon geoordeel word,
- ➡ En dan in die poel van vuur gewerp word.

 Ongelowiges...

-  Word dus nie direk na hul dood na die hel (poel van vuur) gestuur nie
-  Maar bly eers in 'n tydelike plek van aanhouding.

 Alhoewel...

-  Ongelowiges nie dadelik na die poel van vuur gestuur word nie
-  Is hul onmiddellike lot na die dood glad nie aangenaam nie
(Sien Lukas 16:24)



Daarom gaan in mens wat doodgaan...

➡ Óf na die hemel, óf na 'n "tydelike" hel.



By die groot wit troon van oordeel...

✗ Sal 'n mens se ewige bestemming nie verander nie.

✓ Maar die "plek" van daardie ewige bestemming sal verander.



Gelowiges sal uiteindelik toegang kry...

✓ Tot die nuwe hemel en nuwe aarde ([Openbaring 21:1](#)).



Ongelowiges sal uiteindelik gestuur word...

✓ Na die poel van vuur ([Openbaring 20:11-15](#)).



Hierdie is die finale, ewige bestemmings van alle mense...

FEIT

Mense se ewige bestemming is geheel en al daarop gebaseer of hulle deur die geloof op Jesus Christus alleen vertrou het vir verlossing in hul aardse lewe ([Matteus 25:46](#) + [Johannes 3:36](#)).

